ONDERSTEPOORT
BIOLOGICAL PRODUCTS

For animal use only

# BRUCELLA S19
## VACCINE FOR CATTLE

Reg. No. G 0101 (Act 36/1947) Namibia: V01/24.4/162

A freeze-dried suspension of live *Brucella abortus* strain 19 bacteria for the prevention of brucellosis (contagious abortion) in cattle.

**Store the vaccine in a refrigerator at 4 °C to 8 °C. Do not use after the expiry date printed on the bottle.**

### RECOMMENDATIONS FOR USE
In terms of Table 2 of Government Notice R 2026 of 1986-09-26, all heifers between the ages of 4 and 8 months must be inoculated **once** against brucellosis. Bull calves are not inoculated. Cattle over the age of 8 months may not be inoculated against brucellosis except with the written approval of a state veterinarian.

### WARNINGS
**Do not slaughter animals for human consumption within 21 days of vaccination. Vaccinate healthy animals only. Potentially harmful to humans. Keep out of reach of children, uninformed persons and animals. Although it is believed that with oridinary handling, this vaccine is harmless to man, care should nevertheless be taken not to inject the vaccine into humans. Contamination of human eyes with this vaccine should be avoided. If this should occur, rinse the eyes repeatedly with fresh water. In both cases a medical practitioner should be consulted. Although this product has been extensively tested under a large variety of conditions, failure thereof may ensue as a result of a wide range of reasons. If this is suspected, seek veterinary advice and notify the registration holder.**

### DIRECTIONS FOR USE
**Use only as directed.**
A syringe used to inoculate cattle against brucellosis should not be used for any other purpose.
Sterilise syringes and needles by boiling in water for at least 15 minutes. Do not use disinfectants or methylated spirits for sterilising either needles or syringes. Use a separate needle for each animal. Immediately after use, needles and syringes should be properly cleaned before resterilising. The active ingredient of the vaccine is in the form of a powder or pellet in a small bottle. By means of a sterile syringe transfer approximately 5 ml of diluent to the bottle containing the freeze-dried vaccine. Mix until all the powder is dissolved and then transfer this suspension back to the remaining diluent and again mix well by means of the sterile syringe. The vaccine is now ready for use and must be injected without delay. Keep the vaccine cool and avoid exposure to direct sunlight and high temperatures during inoculation. Shake the bottle well before filling the syringe.

**DOSAGE:** **2 ml subcutaneously**

### EFFECTS OF THE VACCINE
A slight swelling may develop at the injection site and a mild fever reaction may follow vaccination. A single inoculation of this vaccine will not produce absolute immunity in all animals. Therefore, complete reliance should not be placed on the vaccine alone to control this desease. It is important that a veterinarian be consulted regarding additional control measures.

### PACKING
Available in bottles of 25 and 48 doses.

**Registration holder:**
Onderstepoort Biological Products SOC Ltd, Co. Reg. No. 2000/022686/06
Private Bag X07, Onderstepoort, 0110. Tel: +27 (0) 12 522 1500, Fax: +27 (0) 12 522 1591

Made in South Africa Edition 8
P1073 Lomar Printers

ONDERSTEPOORT
BIOLOGIESE PRODUKTE

Slegs vir dieregebruik

# BRUCELLA S19
## ENTSTOF VIR BEESTE

Reg. Nr. G 0101 (Wet 36/1947) Namibia: V01/24.4/162

Vriesgedroogde suspensie van lewende *Brucella abortus* stam 19 bakterieë vir die voorkoming van brucellose (besmetlike misgeboorte) by beeste.

**Bewaar die entstof in n yskas by n temperatuur van 4 °C tot 8 °C. Moet nie die entstof na die vervaldatum wat op die bottel gedruk is gebruik nie.**

### AANBEVELINGS VIR GEBRUIK
Kragtens Tabel 2 van Staatskennisgewing R 2026 van 1986-09-26 moet alle verse tussen die ouderdomme van vier en agt maande **eenmalig** teen brucellose ingeënt word. Bulkalwers word nie ingeënt nie. Niemand mag enige bees bo die ouderdom van agt maande inent nie behalwe met die skriftelike goedkeuring van n staatsveearts.

### WAARSKUWINGS
**Moet nie diere binne 21 dae na inenting vir menslike verbruik slag nie. Slegs gesonde diere moet ingeënt word. Potensieel skadelik vir die mens. Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere. Alhoewel aangeneem word dat die entstof met gewone hantering skadeloos vir die mens is, moet voorsorg getref word dat mense nie met die entstof ingespuit word nie. Vermy blootstelling aan mense se oë. Indien dit plaasvind, spoel die oë herhaaldelik met vars water uit. In albei gevalle moet n geneesheer geraadpleeg word. Alhoewel hierdie produk breedvoerig onder n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg n veearts en verwittig die registrasiehouer.**

### GEBRUIKSAANWYSINGS
**Gebruik slegs soos voorgeskryf.**
n Spuit wat gebruik word om beeste teen brucellose in te ent, moet vir geen ander doel gebruik word nie. Sterliseer spuite en naalde deur dit vir ten minste 15 minute in water te kook. Moet nie ontsmettingsmiddels of brandspiritus gebruik om spuite en naalde te steriliseer nie. Gebruik n afsonderlike naald vir elke dier. Spuite en naalde moet onmiddellik na gebruik met skoon koue water uitgespoel word voor hersterilisasie. Die aktiewe bestanddeel van die entstof is in die vorm van n poeier of klont in n klein botteltjie. Dra ongeveer 5ml van die verdunningsvloeistof met n steriele spuit oor na die bottel gedroogde entstof. Meng deeglik totdat die poeier opgelos is en spuit dan hierdie suspensie in die oorgeblewe steriele verdunningsvloeistof en meng weer deeglik met behulp van die steriele spuit. Die entstof is nou gereed vir gebruik en moet dadelik ingespuit word. Hou dieentstof koel en vermy blootstelling aan hoë temperature en direkte sonlig gedurende inenting. Skud die bottel goed voor gebruik.

**DOSIS:** **2 ml onderhuids**

### UITWERKING VAN DIE ENTSTOF
n Geringe swelsel mag by die inspuitplek ontstaan en n ligte koorsreaksie mag op inenting volg. n Enkele inspuiting van die entstof sal nie n absolute immuniteit in alle diere verskaf nie, dus moet daar nie uitsluitlik op die entstof staatgemaak word om die siekte te beheer nie. n Veearts behoort aangaande bykomstige beheermaatreëls geraadpleeg te word.

### VERPAKKING
Beskikbaar in bottels van 25 of 48 dosisse.

**Registrasiehouer:**
Onderstepoort Biologiese Produkte MSB Bpk, Mpy. Reg. Nr. 2000/022686/06
Privaatsak X07, Onderstepoort, 0110. Tel: +27 (0) 12 522 1500, Faks: +27 (0) 12 522 1591

P1073
Vervaardig in Suid-Afrika Weergawe 8